

29 Oktober

Genesis 16:1-16 (16:2)

Pasop vir noodoplossings

Toe Abram uit Ur weggetrek het, belowe God aan hom 'n nageslag, maar Sarai is onvrugbaar. Abram trek en Lot, sy nefie, trek saam met hom. Maar Lot is nie by die belofte ingesluit nie. Daarom laat God Abram en Lot se weë skei. En weer kom die belofte van 'n groot nageslag. As die jare aanstap en Sarai word steeds nie swanger nie, meen Abram dat Eliëser, sy slaaf, dan sy erfgenaam moet wees. Dan praat God self met hom en sê dat sy nageslag uit homself sal kom. Hy sal 'n groot nageslag hê. Na tien jaar is Sarai nog steeds onvrugbaar. Vir haar word dit nou 'n krisis wat spoedig opgelos moet word. Uit vrees dat God nie die belofte aan Abram sal bewaarheid nie, kies sy 'n noodoplossing. Abram moet met Hagar trou. Hierdie noodoplossing moet God se belofte op Sarai se manier laat waar word. Abram gryp ook na die strooihalm wat sy voor hom hou.

Tot vandag toe gryp ons ook na noodoplossings. Ons kies noodoplossings wanneer dit by ons finansies, gesondheid of huwelike kom. Dobbels, selfmoord of egskeiding is ons noodoplossings.

God het Abram-hulle nie oor hulle noodoplossings verwerp nie. Maar hulle moes die gevolge dra. Kyk wat het met Abram en Sarai gebeur (verse 4-6 en Gen. 21:9). Sewentien jaar lank moes hulle die gevolge van hulle keuse dra.

Daarom, pasop! 'n Noodoplossing bring net pyn en hartseer.

Die Jode se keuse destyds om Christus te laat sterf in plaas van die hele volk (Joh. 18:14) was ook 'n noodoplossing. Vir ons wat glo het sy sterwe verlossing gebring, maar dit maak nie hulle krom weë reg nie. Tot vandag toe verduur hulle nageslag die gevolge van 'n noodoplossing - hulle wag steeds op die Messias.

Sing: Psalm 105:1, 5

Ds. C.C.A. Vrey (Venterstad)